# AGTERGRONDINLIGTING – KORTVERHAAL, DIE VENSTER

# (ILZE BEUKES, SKRYWER)

## Karakters – ontleding:

Franko – Hoofkarakter (Protagonis)

Sello Mofokeng – mede pasiënt in die hospitaal

Bystaander 1, (onbekende man tydens ongelukstoneel)

Bystaander 2 (onbekende vrou tydens ongelukstoneel)

Franko se ma en pa

Dokter by ongevalle

Sello se ma

Suster in die hospitaal

### Franko Badenhorst, Karakterkaart

**Impulsief** – Jaag met sy motorfiets om betyds oor die groenlig te seil. Hy probeer betyds by die skool uitkom en wanneer die robot rooi oorslaan, jaag hy bo-oor die rooi lig.

**Gee om vir sy punte** – dit gee juis aanleiding tot sy gejaagdheid om betyds in "Ou Vannerwes" se klas te kom vir sy eksamenvraestel. Opbou van spanning

**Ongeduldig** – Hy wil nie die rugbyseisoen mis nie. Hy is gewoond daaraan dat als gewoonlik volgens sy planne verloop. **Teleurstelling en berou** vir sy oorhaastige optrede later.

**Selfbejammering –** Hy voel magteloos oor wat gebeur het en Sello se grappies irriteer hom in die begin.

**Krities** - Sien Sello as 'n "Dr. Phil" – tipe.

**Omgee en simpatie –** Hy kry Sello uiteindelik jammer en gee vir hom om. Voorbeeld: (Bekommerd kyk Franko na Sello. Hoekom lyk die ou so gryserig? Bl. 59

Franko se karakter ondergaan 'n verandering. Sy beskouing van die lewe sal nooit weer dieselfde wees na wat met hom gebeur het nie. Hoe 'n mens reageer op gebeurtenisse, bly jou keuse. Sello se nalatenskap dat mens altyd positief moet bly, sal Franko saam met hom dra. Hy sal altyd voel hy het 'n vriend verloor, want Sello was net daardie persoon wat enigeen ingetrek het.

### Sello Mofokeng

**Ekstrovert** – probeer mede-pasiënt dadelik opbeur.

**Baie positief** – nie jammer vir homself of vir sy situasie nie (Ek's 'n eksperiment; die dokters probeer nog vasstel of ek dalk 'n alien is." Dit wat met hom fisies gebeur, laat hom elke oomblik voluit leef.

Tog noem hy aan sy kamermaat dat die dokters nie met hom raad het nie. Hy noem dat hy sukkel met sy oë en hoofpyn.

**Simpatie, belangstelling, bemoedigend, humoristies** – hy vra uit na gebeure, herinner Franco daaraan dat hy gelukkig nie die afgeskryfte motorfiets is nie. Ook dat hy die situasie soos 'n olifant moet eet. Happie vir happie. Moedig hom aan om positief te wees.

**Feitlik blind**, kan nie deur die venster sien nie**.**

**Opbeurend, skep 'n fantasie-wêreld** vir Franco, om hom op te beur. Kamoefleer die feit dat hy nie regtig kan sien wat hy op sy nuwe vriend se gips skryf nie, hy verduidelik eerder met 'n grappie as die werklikheid van half-blindheid en kanker. Sy woorde, "As mens lelik skryf kan ander nie sien as jy spelfoute maak nie."

**Sello se grootste begeerte en hoop**: Dat almal hom moet behandel asof hy gaan lewe.

## Bystaander 1 (tydens ongelukstoneel)

'n Manspersoon wat hom **kalm** aan die hand vat en vra of hy hom kan hoor. Later **gerus stel** dat sy ouers oppad is.

## Bystaander 2 (tydens ongelukstoneel)

'n **Geskokte vrou** wie se woorde **onsensitief** by haar mond uitvlieg, sonder om te dink dat die half-bewustelose Franko haar moontlik kan hoor en dit tot verdere skok kan lei. Verdere opbou van spanning

## Franco se ma

Sy ma is **oorstelp van skok**. Sy kry net sy naam uit, voor haar keel toeknyp van spanning, "Franco …"

**Haar seun is haar hart se punt.**

## Franco se pa

**Positief.** "Hei, ou bul, byt vas. Alhoewel hy sukkel om so voor te kom. Franko hoor sy pa se skor stem.

Pa later steeds **positief**. "Toe maar, toe maar, hulle sal alles regmaak."

**Baie bekommerd en lief vir sy seun.**

## Dokter

**Professioneel**, **eerlik**. Sorg ook vir Franko se gemak (**Pynverligting**, "Frakture in beide bene." ens. Duidelik 'n goeie, omgee geneesheer. (**Stuur hom Bloemfontein toe vir spesialis behandeling**).

## Sello se Ma

'n **Sterk vrou** wat tydens hospitaal besoeke **positief en lighartig** optree, ten spyte daarvan dat haar seun sterwend is**. Stel haar seun se gevoelens bo haar eie, ten spyte van die afwesigheid van 'n pa.**

Sy is baie lief vir hom en trots op haar seun vir sy optrede onder moeilike omstandighede.

## Suster in die hospitaal

**Simpatiek, empatiek en professioneel**

Terwyl die suster geheg raak aan beide seuns, respekteer sy Sello se wense om nie gepamperlang te word nie.

Wanneer Franko die dood van Sello moet verwerk, is sy daar om die nuus sag aan hom te breek en te verduidelik.

Verdere inligting:

Karakterisering: https://www.writerscollegeblog.com/karakterisering-hoe-om-geloofwaardige-karakters-te-skryf-deur-wilna-adriaanse/

Kortverhaal as genre: https://afrikaans.com/wp-content/uploads/2020/10/1.3.3.-Okt.-2019-Skryf-Kortverhaal-min.pdf

**Belangrikste tema wat in my skryfwerk voorkom.** Ek skryf graag stories met 'n dieper betekenis, ongeag of ek vir jongmense skryf of liefdesverhale vir volwassenes. Karakters moet as't ware mense raak vir die leser. As die leser aangeraak word deur die storie, was ek susksesvol met die skryf daarvan. Ek raak ook emosioneel wanneer ek so 'n storie skryf. 😊

**Milieu en agtergrond**: https://gesellig.co.za/t/41786-milieu/

Ongelukstoneel en hospitaal is die agtergrond waarteen die storie afspeel. Die storie speel in die hedendaagse tyd af.

**Regte atmosfeer geskep**: Die storie is geskryf met 'n Graad nege in gedagte. Wanneer ek vir 'n spesifieke mark skryf, plaas ek myself in so 'n karakter se kop. "Hoe sou ek optree as dit ek was?"

"Franko se Kawa brul kragtig onder hom." Dit gaan oor 'n seun in die beste tyd van sy lewe. Maar ongeag ouderdom kan dinge skeefloop, lelik skeefloop en dit is karaktervormend.

Die res van die storie spreek vanself.

**Die bou van spanning** begin met die tweede sin. "Dis presies tien minute van die huis tot by die skool, mits al die robotte groen is!

Dit word oral deur die verhaal voortgesit. Sien gedeeltes by karakterkaarte in geel. Soek die res in die spanningsvolle gebeurtenisse reg deur die kortverhaal self op.

**Tema van die verhaal** : Omstandighede kan en sal karakters raak en pooitjie. Hoe hulle daarop gaan reageer gaan dit vir hul 'n makliker of moeiliker wêreld tot gevolg hê. Beide karakters laat die ander een minder eensaam voel. Sello was die beste vriend denkbaar en het stil en dapper sy eie stryd gestry.

**Watter innerlike konflik vind plaas**: Lees die gedeeltes waar Franko dink. Wat hy dink van Sello? Sy teleurstelling, sy uiteindelik verlies van 'n opbeurende nuwe vriend en sy oë wat oopgaan vir die rol wat Sello in hulle hospitaalkamer vir hom gespeel het.

**Die Titel**: Die Venster (aan die binnekant van die venster is waar die eintlike storie lê.) As't ware die venster van 'n jongmens se hart en siel.

Sterkte met die taak.